GOEIE NUUS HANDSKOEN

Het jy al ooit so ‘n handskoen gesien?

Hierdie handskoen vertel ’n wonderlike storie van Goeie Nuus.
Dit is hoekom ons dit die **Goeie Nuus Handskoen** noem.

Hou jy daarvan om Goeie Nuus te hoor?
Ja, almal hou van Goeie Nuus.
Hierdie Handskoen vertel 4 dinge
wat God wil hê jy moet weet.
Hierdie 4 dinge pas op 4 vingers van die handskoen
en op 4 vingers van jou hand.
Hoor net wat is die Goeie Nuus wat God wil hê jy moet weet:

GEEL VINGER

God het jou LIEF en het ‘n wonderlike PLAN vir jou lewe.

Die GEEL vinger laat ons aan sonlig dink. God wil hê ons moet in die lig lewe, en nie in die duisternis nie.
Die Bybel sê God is lig. God wil ons pad verlig terwyl ons hier op aarde is.
God wil ook hê ons moet eendag saam met Hom in die hemel wees.

Die Bybel sê:
“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê“ Johannes 3:16

“Toe het Jesus gesê: “...Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.“
Johannes 10:10

Maar - nie alle seuns en dogters het hierdie gelukkige lewe nie...

SWART VINGER

Alle mans, vrouens, seuns en dogters is sondig en van God geskei. Daarom kan hulle nie God se LIEFDE en PLAN vir hulle lewens ken en geniet nie.

"Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" Romeine 3:23

Wat is sonde?
Sonde is om God nie te ken nie;
om nie om te gee oor God nie
Jy wil alles op jou manier doen,
en nie op God se manier nie.
Jok… kwaad… steel… haat…
ongehoorsaam… onvriendelik…
oneerlik…
Mense doen hierdie dinge
omdat hulle geskei is van God.

Die swart vinger vertel ons dat al die mense sonde doen.
Die geel vinger het ons vertel dat God Lig is, maar ons doen elkeen net wat ons wil in die donkerheid van sonde.

Sonde skei ons van God en die pad wat God wil hê ons moet loop.

"Die loon wat die sonde gee, is die dood..." Romeine 6:23

Dit is nie goeie nuus nie, is dit? Ek het dan vir jou gesê dit is 'n Goeie Nuus handskoen.

ROOI VINGER

Jesus Christus is God se enigste oplossing vir die mens se sonde. Deur Hom kan ons God se LIEFDE en PLAN vir ons lewe ken en geniet.

"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." Romeine 5:8-9

Dit beteken dat Jesus gestraf is vir ons sondes. Hy het ons plek ingeneem.



Met **Kersfees** vier ons die geboorte van Jesus.
"Die Woord (Jesus) *het mens geword en onder ons kom woon."* Johannes 1:14
"...en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Matteus 1:21
Met **paasfees** dink ons daaraan dat Jesus gesterf het, begrawe is en weer opgestaan het.
"Christus het vir ons sondes gesterf... Hy is begrawe en op die derde dag opgewek..." 1 Korinthiërs 15:3-4

Dit is hoekom Jesus kan sê: *"Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."* Johannes 14:6



Dit is Goeie Nuus!!

Maar, dit is nie genoeg om net van hierdie drie dinge te weet nie

- God het my lief
- Ek is sondig
- Jesus het vir my gesterf en ook weer opgestaan uit die dood

WIT VINGER

Om 'n nuwe skoon lewe te leef, moet jy Jesus Christus aanneem as jou Verlosser. Dan kan jy God se LIEFDE en PLAN vir jou lewe ken en geniet.

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy met My."
Openbaring 3:20

Hierdie twee sirkels stel 2 soorte lewens voor:
Links: Hierdie persoon lewe sonder Jesus. Hy ken God nie en doen net wat hy wil.
Regs: Jesus Christus leef in hierdie persoon en maak dat Hy die lewe geniet en doen wat God wil hê hy moet doen.



Onthou wat het die GEEL vinger gesê:
*"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun **gegee** het, sodat die wat in Hom **glo**, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"* Johannes 3:16

Hou jy daarvan om geskenke te ontvang?
Jy kan God se grootste geskenk, Jesus Christus, nou ontvang.

Die Bybel sê:
"Julle is inderdaad uit genade gered, deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie." Efesiërs 2:8-9

As ek nou vir jou 'n geskenk gee, sal jy sê
"Nee dankie, ek wil dit nie hê nie" ?
Jy sal die geskenk vat. 'n Geskenk is joune as jy dit vat.
Jesus Christus is God se gratis geskenk van liefde aan jou.

Jy kan nou vir Jesus Christus as jou Verlosser aanneem.

Jy kan nou ‘n gebed soos hierdie bid :



“Hemelse Vader, ek stem saam dat ek gesondig het. Ek wil graag ’n skoon lewe leef.
Ek neem nou vir Jesus Christus as Verlosser aan in my hart en in my lewe.
Dankie Vader, dat Jesus in my lewe ingekom het. Maak my nou die mens wat U wil hê ek moet wees. Amen“

As jy dit opreg bedoel, sal Christus in jou lewe inkom.
Wil jy graag vir Jesus Christus in jou lewe innooi? Bid dan nou hierdie gebed.

Het jy vir Jesus Christus as jou Verlosser aangeneem? Waar is Hy nou?
As jy vir Jesus Christus in jou lewe ingenooi het, IS HY NOU IN JOU LEWE.

God belowe dat *“almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”* Johannes 1:12

Jy is ‘n kind van God as jy Jesus Christus in jou lewe ingenooi en aangeneem het

Hierdie is ‘n FEIT (die waarheid):
“Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God…”
Galasiërs 3:26
GELOOF is om God se beloftes te glo…
… ongeag van hoe jy VOEL

Die trein kan met of sonder die kondukteurswa loop. Dit sou egter tevergeefs wees om die trein deur die kondukteurswa te probeer trek. Op dieselfde wyse maak ons as Christene nie op gevoelens staat nie, maar vestig ons geloof (vertroue) op die betroubaarheid van God en die beloftes van sy Woord. Moenie afhanklik wees van hoe jy VOEL nie. Plaas jou GELOOF in die FEIT (waarheid) van God se beloftes.

Die Goeie Nuus Handskoen het jou 4 dinge vertel. Kan jy hulle op 4 vingers onthou?

- God het my **lief**
- Ek is **sondig**
- **Jesus** het vir my gesterf en ook weer opgestaan uit die dood
- As ek Hom in geloof **aanneem**, vergeef Hy my sondes en ek het die ewige lewe.

Jy is nou ‘n kind van God,
maar jy gaan nog steeds partykeer dinge op jou eie manier doen.
Jy gaan dalk weer lelike dinge doen, jok,
kwaad word, ongehoorsaam wees,
iets vat wat nie aan jou behoort nie,
iemand haat, oneerlik wees…
Wat moet jy dan doen?

Die Bybel sê: *"Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."* 1 Johannes 1:9

Om ons sondes te bely, beteken dat jy **saamstem** met God dat dit wat jy gedoen of gedink het, verkeerd was.
Jy **erken** dat jy verkeerd gedoen het.
Jy sê vir God **dankie** dat Hy jou hiervoor vergewe het.

God het jou LIEF en Hy hou altyd sy BELOFTES.
Hy het belowe:
"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." Hebreërs 13:5

GROEN

Die een kant van die Goeie Nuus Handskoen is GROEN. Groen laat mens dink aan GROEI.

Net soos jou liggaam groei, is dit ook belangrik dat jy GEESTELIK sal groei noudat jy deel is van die gesin van God.

Die Goeie Nuus handskoen vertel jou hoe jy geestelik kan groei:

"Sorg dat julle steeds toeneem (groei) *in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus."* 2 Petrus 3:18

Jy sal GROEI as jy **bid** (met God gesels).

Jy GROEI as jy **Bybel lees** en meer leer wat God in sy Woord (die Bybel) sê.

Jy GROEI as jy **gehoorsaam is** aan dit wat God in sy Woord (die Bybel) sê.

Jy GROEI as jy ook vir ander die **Goeie Nuus** van Jesus Christus **vertel**.

KOM ONS VERTEL HIERDIE GOEIE NUUS VIR ALMAL!!